LAERSKOOL TOTIUS
Bostonstraat, BELLVILLE, 7530
E-pos: nasorg@totius.co.za
Sel: 071 525 0098

# Totius Nasorg Inligtingsbrief 2026

Geagte Totius Nasorg - Ouers/Voogde

Ons is baie opgewonde oor 2026. ‘n Spesiale welkom aan ons nuwe maats en ouers wie 2026 by die nasorg aansluit, asook aan al ons ou leerders. Mag ons saam ‘n wenspan wees.

Die nasorg streef daarna om:

- ’n diens, waarin na die algemene en emosionele welsyn van die betrokke leerders omgesien word, te bied;
- die ouer te steun met betrekking tot die kind se fisiese en akademiese ontwikkeling;
- deeglike toesig en beheer toe te pas ten einde die leerders se veiligheid te verseker.

Onderstaande is ‘n paar basiese reëls en riglyne wat ons net onder u aandag wil bring. Ons glo en vertrou dat ons u en die kind(ers) se volle samewerking hiermee sal kry.

Dit is vir ons en die nasorgdames ‘n prioriteit dat u kind(ers) veilig sal voel by ons en dat u gemoedsrus oor u kind(ers) sal hê. Hulle gedrag teenoor die nasorgpersoneel, asook teenoor mekaar en respek vir volwassenes, mekaar en die skool se eiendom, is baie belangrik en nie-onderhandelbaar.

**HUISWERKTYE IS AS VOLG; SLEGS MAANDAE TOT DONDERDAE**

| | |
|---|---|
| Graad 1 | 13:45 tot 16:00 |
| Graad 2 | 13:45 tot 16:00 |
| Graad 3 | 14:00 tot 16:00 |
| Graad 4 -7 | 14:30 tot 16:30 |

Leerders wat nie teen die spesifieke tyd klaarkry met huiswerk nie, sal die geleentheid gegee word om huiswerk te voltooi. **16:00** is die afsnytyd vir huiswerk. Dit bly uiters belangrik dat u as ouers/voogde steeds betrokke bly by u kind(ers) se huiswerk (**alle grade**). Maak asb. seker u **kyk en teken elke dag** in u kind se **huiswerkboek.** Indien al die huiswerk nie afgehandel word nie, sal ons dit aanteken in die huiswerkboek. **VRYDAE:** Geen huiswerk word formeel op Vrydae gedoen nie. Indien daar leerders is wat wel huiswerk het, kan hulle die nasorgpersoneel in kennis stel en daar sal geleentheid gegee word om huiswerk te voltooi.

**RUSTYD EN TOILETROETINE: GRAAD RR:**

Rustyd is daagliks tussen +-12:45 tot 14:00 vir **graad RR-leerders** en almal moet op die matrassies lê om minstens te rus, al slaap hulle nie. Geen uitsondering sal gemaak word nie, omrede dit die kinders wie wel slaap, ontwrig. ‘n Kombers en kussing moet elke week saamgestuur word en sal elke Vrydag weer huis toe gestuur word. **MERK ASB. DIE ITEMS BAIE DUIDELIK.**

**ELEKTRONIESE TOERUSTING/WAARDEVOLLE ITEMS/SPEELGOED:**

Geen elektroniese toerusting (selfone) mag na die nasorg gebring word nie. Dit geld vir alle leerders van grade. Indien 'n leerder 'n selfoon by die nasorg het, sal ons dit toesluit en eers terugbesorg as die leerder afgehaal word. Sorg ook dat u kind(ers) se skoolklere, huisklere, kosblikke, waterbottels en nasorgsak **duidelik gemerk** is. Dit vergemaklik die proses om items op te spoor indien dit wel gemerk is. Merk asb. volle naam en van en nie net voorletters nie. **Graad 1-7:** Leerders is welkom om in gewone klere in nasorgtyd te verklee. **Geen speelgoed word by die nasorg toegelaat nie.**

**SIEKTE:**

Waar u kind(ers) a.g.v. siekte nie by die skool was nie, moet u asseblief alternatiewe reëlings tref vir nasorg. As hulle 'n skooldag mis weens siekte, kan hul ongelukkig nie die namiddag by die nasorg afgelaai word vir toesig nie. Laat weet asb. die nasorg indien u kind die betrokke dag siek is en nie nasorg gaan bywoon nie. Dit geld ook vir nie-siekdae.

**UITTEKEN VAN NASORGKIND/ERS:**

Dit is uiters belangrik dat die kind(ers) te alle tye deur u as ouers/voogde, of die persone soos deur u aangewys, daagliks **uitgeteken** word. Geen kind(ers) sal toegelaat word om die nasorg terrein te verlaat sonder die teenwoordigheid van 'n ouer, voog, of die persoon soos deur u aangedui op die aansoekvorm nie. U kind(ers) is in ons sorg en dus is ons verantwoordelik vir hulle tot u hom/haar uitgeteken het. Dit is dus baie belangrik dat ons op u samewerking kan staatmaak.

Graad 1-7 leerders beweeg **16:45** op na die graad R en RR terrein waar hul dan verder afgehaal kan word.

Die **sluitingstyd** vir die nasorg is daagliks om **17:30**. In krisisgevalle kan bogenoemde telefoonnommer geskakel word. (Neem kennis van die addisionele fooi wat gehef sal word as u herhaaldelik u kind(ers) laat kom afhaal.) Dit geld vir halfdag-leerders ook. 'n Boete van R50 vir elke 5 min. laat sal by u rekening gevoeg word.

**PARTYJTIES/NA-SKOOL KUIERS:**

Waar u kind(ers) nie by die nasorg gaan wees nie (wat ookal die rede is) is dit belangrik dat u dit vooraf skriftelik vir ons sal deurgee. Bevestig ook net as u kind(ers) gaan terugkeer na die nasorg na afloop van die geleentheid en saam met wie. Verder sal nasorgkind(ers) nie toegelaat word om hul maats by sportwedstryde of proewe te gaan ondersteun indien ons nie skiftelike toestemming van u as ouers/voogde ontvang het nie.

**SPORT EN ANDER BUITEMUURSE DEELNAME:**

Geen ingeskrewe kind(ers) by die nasorg sal voortaan toegelaat word om die terrein te verlaat en na die sportveld of ander buitemuurse aktiwiteite toe te gaan indien ons nie sy/haar BUITEMUURSE AKTIWITEITE VORM terug ontvang het nie. Hierdie vorm moet vir somer- en wintersport voltooi word en sal aan die begin van elke seisoen aan u gestuur word om te voltooi.
Alle leerders moet eers by die nasorg aanmeld voor hulle sport toe gaan, geen leerder/s mag sport toe gaan as hulle nie eers by nasorg aangemeld het nie. Dit vergemaklik ook die proses sodat ons kan sien wie eers eet en wie se kos uitgehou moet word.

**TARIEWE:** Voldag: R16 500.00 teen R1 650.00 per maand vanaf Januarie tot Oktober
Halfdag(RR tot 2): R14 000.00 teen R1 400.00 per maand vanaf Januarie tot Oktober

**KANSELLASIE VAN NASORG:**
Let asb. daarop dat 'n **kalendermaand** skriftelike kennisgewing nodig is vir enige verandering in u kind se nasorg-bywoning. Enige verandering op u rekening sal eers na die kalendermaand aangebring word.

**VAKANSIESORG:**
'n Inskrywingsvorm vir vakansiesorg sal voor elke vakansie aan u deurgegee word. Geen leerder sal toegelaat word tot die vakansiesorg indien die volle bedrag nie vooruitbetaal is nie. Vakansiesorg beloop **R95 per dag/ R400** vir 'n vol week van 5 dae – voedsel ingesluit.

Deelname aan die aktiwiteite wat gedurende die vakansiesorg aangebied word, is vrywillig en hierdie kostes is **nie** ingesluit by bogenoemde tariewe **nie**.

**DISSIPLINE:**

Die nasorg se gedragskode en dissiplinêre prosedure en beleid sal voortaan streng toegepas word. Alle voorvalle sal volledig aangeteken word. Alle dissiplinére kwessies sal hanteer word soos gestipuleer in die nasorgbeleid. Alle oortredings of gevalle word in 'n boek aangeteken. In ernstige gevalle ontvang die leerder dadelik 'n briefie en sal daar dadelik aan u as ouers/voogde gekommunikeer word.

Vriendelike groete

JOHANN KOEKEMOER
NASORGHOOF